

# ST. PAULUS VAN KONSTANTINOPEL

## 7 JUNIE

(sterf 350)

Hy word veral in die Oosterse Ortodokse Kerke vereer vir die groot rol wat hy gespeel het om die Ariaanse dwaalleer teen te staan. Hy volg in 336 Alexander op as biskop van Konstantinopel. Dit was in die tyd van die bitter stryd rondom die kwessie van Jesus se goddelikheid. Die Ariane het beweer dat Hy slegs mens was, terwyl Christene van ouds af vas geglo het dat Jesus mens en God is. Keiser Constantius II was 'n aanhanger van Arius en verban Paulus na Pontus toe hy weier om dié kettery te steun. Hy keer in 338 terug na sy setel, maar word kort daarna weer deur die Ariaanse party aan die keiserlike hof verban, dié keer na Mesopotamië. In 344 keer hy weereens terug om met groot durf en dapperheid die tradisionele siening van wie Jesus is te verdedig. Sy vyande slaag nogmaals daarin om hom te verdryf en hy word na Kukusus in Armenië verban waar hy doelbewus in hongersnood gelaat is en uiteindelik deur die Ariane verwurg is. Hy word beskou as 'n martelaar van die ortodokse geloof in Christus.

© Die Oratorium Uitgewery